MBA BOLAND

Concordiastr/St. 23 Suider Paarl
Posbus/PO Box 1402, Suider-Paarl 7624
Tel. (021) 863 3330 Faks/Fax (021) 863 3331/086 6178 797
E-Pos/E-Mail safety @mbaboland.org.za
www.mbaboland.org.za

Gestig / Established 1948

Direkteur / Director : Daniël Uys

3 Mei 2017

Geagte MBA Boland lede

MBA BOLAND NUUSBRIEF: MEI 2017

Nog 'n maand is verby en die tyd spoed eenvoudig verby. Ek wil derhalwe graag met u 'n paar gedagtes uitruil en ek vertrou dat dit vir u tot nut sal wees.

In die lig van die huidige politieke ontstuimige tydperk wat ons oënskynlik betree, is dit van kardinale belang om positief te bly en 'n positiewe en gemotiveerde werksmag te verseker. Dit kan alleenlik vermag word deur gereelde en deursigtige kommunikasie met u werksmag ten einde te voorkom dat daar misverstande kan ontstaan te midde van 'n samelewing wat al meer gepolariseer word deur kortsigtige politieke uitsprake. 'n Positiewe en gemotiveerde werksmag sal u te midde van die politieke uitdagings deur die moeilike tye kan dra. Positiewe en pro-aktiewe leierskap is die morele bousteen vir 'n lojale en toegewyde werksmag tesame met die handhawing van gesonde waardes en beginsels wat almal se belange op die hart dra. Kom ons werk saam om vanuit eie geledere 'n stabiele toekoms te skep vir die konstruksiebedryf.

Die invloei van mense na die Wes-Kaap is besig om toe te neem. Baie mense vanuit ander provinsies blyk hul toevlug te neem tot die Wes-Kaap. Dit is natuurlik heeltemal te wagte soos die infrastruktuur en plaaslike regering besig is om te verswak in meeste van die ander provinsies. Dit is enersyds tragies, maar skep andersyds vir ons 'n wonderlike geleentheid in die Boland streek aangesien baie beleggers en besighede na die Wes-Kaap toe stroom. Dit is veral die huismark in die Boland wat hierby gaan baat. Dit is my wens dat die beleggers van elders ook die Boland as beleggings geleentheid sal sien om besighede te kom vestig ten einde meer werksgeleenthede te skep. Die

konstruksiebedryf kan direk hierby baat vind en gaan hopelik oorspoel na die ander sektore van die Boland streek.

Departement van Arbeid het 'n nuwe Inspekteur van Arbeid aangestel in die Boland ter plaatse in die Paarl, te wete Rowan Carolus. Ons is besig is om 'n baie goeie verhouding met hom op te bou en gaan poog om hom baie nouer te betrek tydens die MBA Boland GVO Forum vergaderings. Daar is tans nouer skakeling tussen MBA Boland en Departement van Arbeid en skep die ideale geleentheid om sy kundigheid te benut. Departement van Arbeid se siening kan nou meer duidelik verwoord word ten einde die korrekte interpretasie van die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid met groter sekerheid te interpreteer en toe te pas in die werksplek.

Alle voertuigbestuurders moet ook kennis neem van die nuwe Amendament tot Regulasie 250 van die Nasionale Padvervoer Wet van 2009. Ingevolge die nuwe Amendament wat gepubliseer is op 11 November 2016, is die nuwe Amendament van krag vanaf 11 Mei 2017. Die Amendament bepaal dat skool leerlinge nie teen vergoeding vervoer mag word op 'n voertuig wat goedere vervoer nie. Dit verbied verder meer die vervoer van enige ander persone, onder andere werknemers teen vergoeding in die goedere kompartement van enige voertuig tensy dit gedoen word in terme van die bepalings van die Amendament tot Regualsie 250 van die Nasionale Padvervoer Wet van 2009. 'n Operateurs lisensie mag derhalwe uitgereik word in terme van die bepalings van die wet. Indien die vervoer nie teen vergoeding geskied nie, is dit wel toelaatbaar ingevolge Regulasie 247 wat bepaal dat niemand in die goedere kompartement vervoer mag word indien die gedeelte waarin die werknemers vervoer word aan die volgende vereistes voldoen nie:

- **Die rant van die voertuig ten minste 350 mm bo die sit-oppervlakte is nie;**

- **Die rant van die voertuig ten minste 900 mm bo die staan-oppervlakte is nie en op sodanige wyse gekonstrueer is dat die materiaal oor genoegsame sterkte beskik ten einde die persoon te verhoed om af te val ten tye van die vervoer op die voertuig;**

- **Geen werknemers mag saam met enige gereedskap, uitsluitende persoonlike besittings, vervoer word in die goedere kompartement nie;**

- **Gereedskap in 'n aparte kompartement vervoer moet word en behoorlik vasgemaak moet word ten tye van die rit.**

Neem ook kennis van 'n Insident Ondersoekkursus wat deur MBA Boland gereël is en geskeduleer is vir 22 Junie 2017 te MBA Boland. Die besonderhede is as volg:

MBA BOLAND INSIDENT ONDERSOEKKURSUS

DATUM : **22 JUNIE 2017** (DONDERDAG)

PLEK : MBA BOLAND
Concordiastraat 23
SUIDER-PAARL

TYD : 8:30 tot 16:00

KOSTE : **R 775.20** per persoon (BTW, kursusmateriaal, koffie, tee en 'n ligte middagete ingesluit).

Persone wat die kursus gaan bywoon moet in besit wees van 'n graad 7-sertifikaat en MOET Afrikaans of Engels kan verstaan en praat.

Let asseblief dat die instrukteur 'n onafhanklike kontrakteur is en gevolglik betaal moet word vir die aantal besprekings wat gemaak is. Daar sal derhalwe geen terugbetaling wees nie indien 'n persoon nie sou opdaag vir die kursus nie.

Die name en ID-nommers van persone moet asseblief so spoedig moontlik aan ons verskaf en bevestig word, asook 'n bewys van betaling.

Rekeningbesonderhede: MBA BOLAND
EERSTE NASIONALE BANK
Rekno. 62376387306
Takkode: 200-110

Vir bespreking kontak Elsabé by Tel: 021-863 3330 of per E-pos by info@mbaboland.org.za

Laastens wil ek u net weer herinner aan die beplande MBA Boland GVO Forum vergadering datums wat DV by MBA Boland in die Paarl gehou gaan word. Ons het u deelname in bostaande verband broodnodig ten einde die sienings en interpretasies van al die rolspelers korrek te interpreteer en toe te pas in die Konstruksiebedryf rakende Gesondheid en Veiligheid. Die volgende datums is geskeduleer:

- 12 April 2017
- 21 Junie 2017
- 16 Augustus 2017
- 11 Oktober 2017
- 5 Desember 2017

MBA Boland groete

W.A. Liebenberg
Gesondheid, Veiligheid en Omgewings Adviseur
MBA Boland